Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

**NUUSBRIEF 5/11/2021**

# HUISUITSLAE

Verskeie huiskompetisies het plaasgevind. Die Wonnies het werklik heerlik deelgeneem en die uitslae is soos volg:

| 7'S RUGBY | HOKKIE | NETBAL |
|---|---|---|
| 1. Samurai | 1. Spartane | 1. Samurai |
| 2. Vikings | 2. Vikings | 2. Spartane |
| | Samurai | Vikings |
| 3. Spartane | 3. Knights | 3. Knights |
| 4. Knights | | |

| KRIEKET | GHOLF | SAGTEBAL |
|---|---|---|
| 1. Knights | 1. Knights | 1. Samurai |
| 2. Vikings | 2. Spartane | 2. Vikings |
| 3. Spartane | 3. Samurai | Spartane |
| 4. Samurai | 4. Vikings | Knights |

# SKOOLGELDE 2022

Tydens die Algemene Jaarvergadering soos gehou op 28 Oktober, is die voorgestelde skoolgelde vir 2022 eenparig deur die ouers teenwoordig goedgekeur. Daar was nie 'n kworum teenwoordig nie, daarom sal 'n opvolgvergadedring op **11 November** plaasvind, indien daar nog ouers is wat sou belangstel om die begroting te besigtig. Tydens hierdie vergadering sal die begroting finaal bekragtig word.

Skoolfonds verhoog volgens die goedgekeurde begroting met R220.00 per maand.

Die betalingstruktuur is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste kind: | R 1 890.00 X 11 maande | (Totaal: R 20 790.00) |
| Tweede kind: | R 1 790.00 X 11 maande | (Totaal: R 19 690.00) |
| Derde kind: | R 1 690.00 X 11 maande | (Totaal: R 18 590.00) |

## GRAAD 8 – 2022

**Ons het verlede week begin kommunikeer met ons Graad 8's van 2022. Die kommunikasie geskeid meestal per e-pos. Indien daar enige 2022 Graad 8-Wonnie is, wie nie die kommunikasie ontvang nie, kan hul gerus navrae doen by [bemarking@wonnies.co.za](mailto:bemarking@wonnies.co.za).**




## BADKAMER-PROJEK

Dit is met groot opgewondenheid dat die Wonnies aankondig dat ons begin met die Senior-badkamerprojek.

Die badkamers word strategies verskuif ten einde beter benut te kan word. Die huidige badkamers van die dogters is geleë naby die hoofingang, by die trappe na die rugbyveld, terwyl die seunsbadkamers weer by die dogters-netbalbane is.

Die projek is dus daarop gerig om die badkamers om te ruil, sodat dit ook sinvol tydens sportgeleenthede gebruik kan word. Verder word die badkamers vergroot en natuurlik ook opgradeer ten einde aan leerders bv. stortgeriewe en aantrekgeriewe vir tuisspanne en besoekers te bied.

Hou die spasie dop!

## BOEK-INSAMELING

Graag vra die Junior Stadsraad elke Wonnie se ondersteuning: Hulle begin met 'n projek waar kwaliteit leesstof (boeke en tydskrifte) ingesamel word. Dié boeke sal dan geskenk word aan die Louis Botha Kinderhuis. Indien u tuis enige boeke het, wat leerders in die kinderhuis sinvol kan gebruik, kan dit in die houer by O50 of die Finansiële kantoor geplaas word.



## LEERDERS: INENTING

**Kinders tussen 12-17 jaar kan nou gaan vir hul inentings teen COVID-19. Leerlinge moet egter vooraf op EVDS platform registreer. Besoek gerus die webwerf, [https://vaccine.enroll.health.gov.za](https://vaccine.enroll.health.gov.za) ten einde meer inligting te bekom.**

# ATLETIEK-UITSLAE

**Baie geluk aan die volgende Wonnie-atlete wat eerste plekke behaal het tydens verlede week se atletiek-byeenkoms:**



**EERSTE PLEKKE**

| | | |
|---|---|---|
| Christiaan Swanepoel | 0/14 | 200m |
| Wian Louw | 0/17 | 400m |
| Thinus du Plessis | 0/17 | 1500m |
| Kultwano Nkoana | 0/16 | 100m |
| Dawie Breet | 0/16 | Diskus |
| Tyron J v Noordwyk | 0/15 | Spiesgooi |

## KRIEKET – AANDREEKS

Tydens die onlangse krieket aandreeks waar ons skool kragte gemeet het teen HTS John Vorster, Hoërskool Montana en Hoërskool Oos-Moot het ons Eerste Krieketspan as wenners uit die stryd getree! Baie geluk.




## TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

**ONDERSTEUN GERUS DIE VOLGENDE MAATSKAPPYE:**



**ONDERSTEUN GERUS DIE VOLGENDE MAATSKAPPYE:**

